## DINUZULU EN SY RAADGEWERS — 'N VROEË BESOEK AAN DIE JONG ZOELOEKONING

Die Zoeloekoning Dinuzulu het aan die begin van hierdie eeu 'n aansienlike mate van berugtheid verwerf as gevolg van sy aandeel aan die Zoeloe-opstand van 1906 en die hofsaak waarin hy daardeur betrokke geraak het. Dit is gevolglik insiggewend om te let op die getuienis van 'n persoon wat hom kort na die aanvaarding van sy koningskap besoek het en 'n gans ander prentjie van hom voorhou as dié van die oproermaker van later jare. Dit is die beeld van die jong Zoeloekoning wat op daardie tydstip nog totaal onervare was en hoofsaaklik op sy raadgewers gesteun het.

Die aanvang van Dinuzulu se koningskap het saamgehang met die totstandkoming van die sg. „Nieuwe Republiek". Die volgelinge van Cetshwayo het gedurende die onluste van 1883 die hulp van blankes ingeroep om die orde in Zoeloeland te herstel. 'n Aantal Boere uit Transvaal het daarop die grens oorgesteek en Dinuzulu na die dood van Cetshwayo in 1884 gehelp om die opstandige Usibepu te verslaan. Dinuzulu is deur die Boere-vrywilligers tot koning gekroon en hy het op sy beurt 'n groot stuk grond aan hulle geskenk waarop die Nuwe Republiek tot stand gekom het.

Nie lank na die beëindiging van die onluste in Zoeloeland nie het die Wesleyaanse Sendinggenootskap besluit om 'n sendingaksie in hierdie gebied te onderneem. Eerw. Owen Watkins, 'n Transvaalse sendeling, is daarheen gestuur om die moontlikhede van evangelisasiewerk te ondersoek. Watkins het noukeurig in sy dagboek aangeteken wat hy van dag tot dag ervaar het en hierdie gegewens werp 'n interessante lig op die omstandighede in die destydse Zoeloeland.

Die sendeling het Vryheid op 10 Februarie 1886 bereik, waar hy die president van die Nuwe Republiek, Lucas Meyer, ontmoet het en aan hom die doel van sy reis meegedeel het. Laasgenoemde het geen beswaar geopper nie; indien Dinuzulu tevrede was, kon die Wesleyane maar sendingwerk doen in Zoeloeland. Meyer het aan Watkins self 'n geleidebrief gegee, waarin hy gekonstateer het wie hy was en waarom hy deur daardie gebied wou reis. Nogtans het die sendeling getwyfel of die Boere hom werklik vertrou. Terwyl hy nog op Vryheid vertoef, skryf hy aan 'n vriend: „I confound these Boers, because I tell them at once all I want to do in the country and they don't know what to make of it — they have an uneasy feeling that I have some deep laid scheme, which I have kept secret.".

Watkins was egter vasbeslote om sy reis voort te sit. Na 'n verblyf van enige dae in Vryheid, vertrek hy na Dinuzulu se kraal, waar hy op 22 Februarie aankom. Sy eerste besoekers was een van die hoofmanne, Gundane, en sy gevolg, wat blykbaar deur die koning gestuur is om verslag te doen, want 'n rukkie later het Dinuzulu self saam met 'n paar van sy hoofmanne by die sendeling se wa opgedaag. In sy dagboek het Watkins

later aangeteken: „He is a youth, about 18 years old. Nice features, beautiful eyes, with long eyelashes, curling upwards. Apparently of mild and gentle disposition and not the man to imitate his father, Cetawayo . . ." Dinuzulu het ewe vrymoedig in Watkins se wa geklim en aandagtig geluister na alles wat lg. deur middel van 'n tolk in verband met die voorgenome sending te sê gehad het. Nadat Watkins sy saak aan hom gestel het, het hy geantwoord dat hy nog maar 'n kind was en dat hy eers sy raadgewers, Umyamana en Undabuko wou spreek. Hierna het Cetshwayo se moeder, Ngqumbazi, by die wa aangekom. Saam met haar was een van Cetshwayo se vrouens wat saam met hom in die Kaap en in Engeland was en tot vervelens toe die twee Engelse woorde wat sy geken het herhaal het, nl „England" en „London".

Na hierdie besoek moes Watkins twee dae wag voor die koning hom laat roep het. Onder die raadsliede wat by hierdie geleentheid teenwoordig was, was Undabuko, 'n broer van Cetshwayo. Die belangrikste hoofman, Umyamana, het egter laat weet dat hy weens ongesteldheid nie die vergadering sou kon bywoon nie. Watkins is die geleentheid gebied om te verduidelik waarom hy na Zoeloeland gekom het, waarna verskeie raadsliede aan die besprekinge deelgeneem het. Dinuzulu het egter 'n baie geringe aandeel in die gedagtewisseling geneem; hy was blykbaar nog te onervare en Undabuko het selfs in sy teenwoordigheid na hom verwys as „daardie kind". In verband met Watkins se versoek dat die Wesleyaanse Sendinggenootskap toegelaat moes word om sendingwerk in die gebied te doen, het Undabuko verklaar dat hulle graag 'n Engelse sendeling in Zoeloeland wou hê om hulle jong manne te onderrig, maar dat die hele aangeleentheid eers deur al die vernaamste hoofmanne bespreek moes word. Dit was 'n klaarblyklike poging om die saak op die lange baan te skuiwe, dog Watkins het verklaar dat hy bereid was om te wag tot die hoofmanne 'n besluit geneem het.

Hoewel Umyamana die vergadering nie kon bywoon nie, was hy gretig om die sendeling te ontmoet, want dieselfde dag nog het Watkins 'n uitnodiging ontvang om hom by sy kraal te kom besoek. Toe hy die volgende dag daar aankom, het hy Umyamana en sy twaalf raadsliede op 'n berg naby die kraal aangetref. Die hoofmanne wou nou van hom weet of hy deur die Engelse koningin gestuur is, waarop Watkins verduidelik het dat sy wel soldate en goewerneurs uitstuur, maar geen sendelinge nie, want sy het haar onderdane volkome vryheid van geloof toegelaat. Die naturelle was merkbaar verbaas oor hierdie verklaring, maar een van die raadsliede wat saam met Cetshwayo in Engeland was, het verklaar dat dit heeltemal juis was. Umyamana het nou die mening uitgespreek dat daar 'n moontlikheid van toekomstige moeilikheid met die Boere was indien die Wesleyaanse sending in Zoeloeland toegelaat word en wou weet waarom Watkins nie eers op Vryheid met Lucas Meyer samesprekinge gevoer het nie. Watkins het verduidelik dat hy dit wel gedoen het en dat daar geen beswaar teen sy sendingplan geopper is nie. Umyamana wou egter nie alleen oor die saak besluit nie en het gevoel dat hy eers die menings

van 'n paar ander hoofmanne moes inwin. Daar was vir Watkins dus geen ander uitweg nie as om te wag tot dit geskied het.

Vier dae het verstryk sonder dat Watkins 'n definitiewe antwoord van Umyamana ontvang het, hoewel hy intussen 'n boodskapper na die hoofman gestuur het. Hy het uiteindelik sy wadrywer gestuur, wat met die berig teruggekeer het dat Umyamana nog nie die ander hoofmanne gespreek het nie. Umyamana het ook laat weet dat dit nodeloos sou wees om langer te wag; bowendien het daar glo die vorige dag 'n polisiebeampte van die Boere aangekom om Dinuzulu te spreek en hy was bevrees dat die stigting van 'n Wesleyaanse sending net tot onmin met die Boere sou lei, daarom sou dit beter wees as die sendeling maar wil vertrek. Watkins het besef dat dit 'n besliste weiering was en besluit om onmiddellik terug te keer. Dit was vir hom duidelik dat hy van dag tot dag dieselfde ontwykende antwoord sou ontvang en buitendien het sy gesondheid intussen heelwat agteruit gegaan weens gebrek aan behoorlike voedsel. Hy het ook so te sê niks meer gehad om te eet nie, want die Zoeloes het geweier om enige kos aan hom te gee of te verkoop. Dieselfde dag nog het hy dus die terugreis aanvaar en na 'n reis van enige weke in 'n uitgeputte toestand in Pretoria aangekom.

As daar 'n rede vir die mislukking van Watkins se sending aangevoer moet word, dan wil dit voorkom asof die Zoeloes bevrees was dat hulle die Boere van die Nuwe Republiek aanstoot sou gee indien hulle 'n Engelssprekende sendeling sou toelaat om onder hulle te werk. Dit skyn twyfelagtig of die Boere 'n aandeel, in elk geval dan geen direkte aandeel, in die saak gehad het. Blykbaar was die leidende persoonlikhede in die Nuwe Republiek, soos die president en die staatsekretaris, al was dit dan net in hul amptelike hoedanigheid, die stigting van 'n Wesleyaanse sending in Zoeloeland goedgesind. Dat hulle egter 'n mate van agterdog teen Watkins gekoester het, is nie uitgesluit nie, want sedert die dae van Van der Kemp en Read was die algemene neiging onder die Boere om wantrouig teenoor sendelinge te staan. Bowendien het daar maar enkele jare verstryk sedert die beëindiging van die Transvaalse Vryheidsoorlog, wat ongetwyfeld die agterdog tussen die twee blanke rasse moes versterk het.

'n Verdere afleiding wat gemaak kan word, is dat Dinuzulu op hierdie tydstip die belangrikste beslissings aan sy raadgewers oorgelaat het. Dit is duidelik dat hulle hom as 'n onervare jeugdige beskou het en dat veral Undabuko en Umyamana belangrike besluite geneem het sonder besonderlike inagneming van sy opinie oor sake. Dit wil voorkom asof Dinuzulu die stigting van 'n Wesleyaanse sending goedgesind was, want hy het Watkins in sy wa kom besoek en selfs 'n slagos aan hom gestuur. Hierna het Dabuko en Umyamana blykbaar ingegryp, want dit het vir die sendeling al hoe moeiliker geword om voedsel te bekom, totdat dit eindelik so erg geword het dat hy geen kos meer in die hande kon kry nie. Dit was dan ook een van die onmiddellike oorsake waarom hy Zoeloeland met onverrigtersake moes verlaat.

Dr. W. A. Venter